PRAAT MET GOD

1. Here, U is...

My Pappa, ek prys U! (Ps.149:1)

U help my en U liefde hou nooit op nie (Ps.136:26)

U is sterk en U beskerm my! (Ps.46:1)

Here, U is….

Die Koning van die hele wêreld (Miga 4:13)

Jesus Christus, die pad na die Vader toe, U is die Waarheid en die Lewe (Joh.14:6)

Die Gees van die waarheid, U Help ons en U Troos ons (Joh.14:16)

1 Johannes 1:9 *As ons erken dat ons sonde gedoen het, sal Hy ons sonde vergewe en ons reinig van al die verkeerde dinge wat ons gedoen het.*

2. Here, ek is jammer oor...

- ✘ …….
- ✘ …….
- ✘ …….

Vergewe my asseblief!
Was my en maak my skoon!
Gee my asseblief 'n nuwe hart wat U sal ken en doen wat reg is!

3. My Gesin *(Plak 'n foto hier!)*

Here, **dankie** vir my familie. Beskerm hulle asseblief dat niks hulle seermaak nie en hou hulle gesond en gelukkig. Omring hulle met U liefde en trek hulle nader aan U.

- **My Pappa**
- **My Mamma**
- **My Boeties en Sussies**
- **My Oupas en Oumas**

Gee seblief vir hulle:
Liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, getrouheid en sagtheid

Pappa God, vat seblief al die slegte goed weg:
Onvergewensgesindheid, woede, selfsug, jaloesie

Here, wees seblief goed vir my gesin! Numeri 6 : 24-26

Maak my tog voorspoedig en gee my 'n groter woongebied. Help my en hou die ongeluk van my af weg sodat die smart my nie tref nie! **1 Kron 4:10**

4. My Maats

Here, dankie vir my maats. Praat seblief met hulle in hulle harte sodat hulle U ook sal ken.

Skryf hulle name hier neer of plak hulle foto's hier:

Ek vra dat hulle…

- *Sal weet God is lief vir hulle*
- *Verstaan dat Jesus vir hulle gesterf het*
- *Hom sal vertrou*
- *Hom sal wil gehoorsaam*
- *God sal vra wat Hy wil hê dat hulle moet doen*

……

……

……

5. Here, ek vra vir myself…

Leer my hoe om U te ken en lief te hê.
Dat ek U stem mooi sal hoor.
Dat ek sal verstaan wat U wil hê ek moet doen.
Help my om vir ander lief te wees en vir hulle te sorg.

……..

……..

Laat God julle lewe verander en julle gedagtes nuut maak. Dan sal julle verstaan wat God wil hê, want die dinge wat Hom tevrede stel, is goed en volmaak. **Rom. 12:2**

6. My Dorp en Land en die Wêreld

Miga 6:6-8 *Wat Hy van jou verwag, is dat jy regverdig sal optree en Hom getrou sal liefhê en in gehoorsaamheid aan Hom sal lewe, want Hy is jou God.*

Jesus, Ek Bid Vir:

My Dorp en my Land

Ons President
Die Regering en Ministers
Onderwysers
Die Polisie
Mense in tronke

Die Wêreld

Mense met VIGS – Maak hulle gesond
Dat oorloë sal ophou
Arm mense – Vir kos, water, huise en skole
Een ander land – dat die kinders daar ook vir Jesus sal leer ken

Here, wys seblief ons leiers wat goed en reg is. Maak hulle slim en goed en nederig en genadig.

7. Dankie Here!

Dat U vir my lief is!
Vir my gesin en my maats!

Vir .....

Vir .....

Skryf nog ander dinge neer!

8. Sing en Prys die Here!

Psalm 149:1 *Sing 'n nuwe lied vir die Here, sing om Hom te eer waar Sy getroues bymekaar kom.*

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040, Suid-Afrika
Tel.: +27-12-365 3213, Faks: +27-12-365 3214, info@jwipn.com / www.jwipn.com